HOËRSKOOL LABORI
NUUSBRIEF

EERSTE KWARTAAL 2022

Beste Labori Ouers/Voogde

Die eerste kwartaal van 2022 is al weer iets van die verlede. Dié jaar het weer eens teen ‘n geweldige tempo afgeskop en gevolglik was dit ‘n vol kwartaal vir ons leerkragte en leerlinge. Ons nuwe leerders is al goed ingeburger by die Labori-familie. Ek doen weer ‘n beroep op u as ouers om toe te sien dat u kind betrokke raak by die skool se bedrywighede.

Hoogtepunte van die afgelope kwartaal het die volgende ingesluit: Die Gr 8-Atletiekbyeenkoms, Waatlemoenfees, die OOV se Ken-mekaar-braai en 5-Lande Kosfees en natuurlik ons baie geslaagde Opedag van 1 Maart. Dankie aan al ons personeellede en ouers wat by hierdie aktiwiteite betrokke was.

PERSONEEL
Ons neem hierdie kwartaal afskeid van twee van ons onderwysers, nl. Mev Breytenbach en Mnr Swart. Mev Breytenbach het reeds aan die einde van 2021 afgetree, maar het ingestem om tydens die eerste kwartaal af te los totdat haar plaasvervanger Mnr Bertie Barnard by ons kon aansluit. Baie dankie aan Mev Breytenbach vir haar bereidwilligheid, ons wens haar voorspoed toe vir die volgende fase.Ons verwelkom dus vir Mnr Barnard by Labori. Ons hoop dat hy sommer gou sy voete sal vind en tuis sal voel by Labori!
Ons neem ook afskeid van Mnr Swart, wat aan die einde van hierdie kwartaal aftree. Hy sal nog vir die eerste deel van die tweede kwartaal aflos, totdat daar ‘n plaasvervanger vir hom aangestel is. Ons wens hom alle sterkte toe!

FINANSIES
Die skool se begroting kan slegs klop as alle ouers hul verpligtinge t.o.v. skoolfonds en koshuisgelde nakom. Die begroting is verlede jaar op ons ouervergadering goedgekeur en ons kan slegs voortgaan om gehalte onderrig en ‘n verskeidenheid van aktiwiteite aan te bied, indien hierdie gelde gereeld betaal word. Alle ouers is ingelig aangaande die prosedures en voorskrifte wat gevolg moet word wanneer aansoek gedoen word om afslag. Enige ouer wat nie op die korrekte wyse aansoek doen of wat nie kwalifiseer vir afslag nie, is wettiglik aanspreeklik vir uitstaande skool- en koshuisgelde. Indien hierdie verpligtinge nie nagekom word nie, sal ons genoodsaak wees om sulke uitstaande skulde vir invordering te oorhandig. Ons doen ‘n spesiale beroep op ons ouers, selfs daardie wat kwalifiseer vir gedeeltelike of volle vrystelling, om te probeer om ‘n bydrae te maak tot u kind se opvoeding. Daar is baie leerlinge wat beskik oor die beste selfone, modieuse klere dra en te veel sakgeld ontvang en dan maak só ‘n ouerhuis geen bydrae tot hul kind se akademie en opvoeding nie. Hul verwag dan dat ander ouers hul kind(ers) moet subsidieer. Dit is te verstane dat só ‘n situasie nie vir betalende ouers aanvaarbaar is nie.

Ouers word versoek om asb. hul Labori rekeningnommers, soos wat dit op die rekeninge verskyn, te gebruik as verwysing by Elektroniese Betalings, sowel as wanneer hul navraag doen oor rekeninge.

AKADEMIE

Die skep van ‘n akademiese klimaat is vir die personeel van Labori ‘n saak van prioriteit. Daar is ongelukkig te veel leerlinge wat dit moeilik maak om sodanige atmosfeer in die klasse te kan handhaaf, deurdat hulle nie die nodige erns en toewyding ten opsigte van hul skoolwerk aan die dag lê nie. Sulke leerlinge is gevolglik ‘n steurnis in die klas en benadeel ander leerlinge wat wel wil werk. Dit is belangrik dat u as ouers sal saamwerk met die personeel en ons so sal ondersteun in ons onderrigtaak en die dissiplinering van die leerlinge. Dit gebeur te veel dat ouers ons personeellede verkwalik wanneer leerlinge wel gedissiplineer word.

Dit is elke ouer se verantwoordelikheid om seker te maak dat u kind ‘n tuiswerkboek het en om te kontroleer dat tuiswerk elke dag neergeskryf word en gedoen word. Werk word ook op Google-Classroom gesit. Daar is nog steeds te veel leerlinge wat belangrike onderrigtyd verloor deurdat daar te maklik by die huis gebly word of as gevolg van dokters-, tandarts- en lisensie-afsprake wat gedurende skooltyd gemaak word. Afsprake moet asseblief sover moontlik buite skooltyd gemaak word. Indien u as ouer nie daadwerklik en ferm begin optree nie, sal kosbare tyd en geld vermors word.

Ekstra klasse word ook in alle vakke aangebied. Roosters hiervoor word aan die begin van die kwartaal aan die leerders uitgegee. Leerders moet vooraf reëlings tref met hul onderskeie onderwysers om die klasse by te woon.

Baie geluk aan elke leerling wat volgens sy/haar potensiaal presteer het en dit vir die personeel ‘n plesier maak om hul dagtaak te verrig. Ons toppresteerders vir dié kwartaal is:

Graad 8		**%**	**Graad 9**		**%**	**Graad 10**		**%**
1	Strydom, Katelyn	86,7	1	Kleinhans, Dieter	88,2	1	Kellerman, Karen	90,9
2	Fourie, Ben	85,6	2	Janson, Hanro	88,1	2	Coetzee, Kayla	90,0
3	Jacobs, Leigh-Vaughan	82,6	3	Jacobs, Michelle	84,1	3	Mans, Rudolph	84,7
4	De Klerk, Zéan	82,2	4	Nel, Marizelle	83,6	4	Basson, Karla	81,7
5	Mars, Raylee	81,2	5	Beetge, Ryan	82,6	4	Mans, Gerbrand	81,7
6	Snyman, Leon	81,1	6	Pretorius, De Wet	81,8	6	Vos, Dawn	81,0
7	Venter, Juan	79,8	7	Grové, Christiaan	80,7	7	Van Wyk, Adon	79,6
8	Jacobs, Mia	78,0	8	Brooks, Neil	80,3	8	Williams, Ruan	79,4
9	Robinson, Antonio	76,7	9	Janse van Rensburg, Darius	80,1	9	Jacobs, Zax	78,1
10	Botha, Colleen	76,2	10	De Kock, Helena	79,3	10	Basson, Meyaghan	77,7

Graad 11		**%**	**Graad 12**		**%**
1	Lategan, Heinrich	89,3	1	Julius, Chelsea	90,3
2	Scheepers, Migael	85,1	2	Afrika, Ethan	85,0
3	Nieuwoudt, Matthys	84,6	3	Vosloo, PG	83,6
4	Brand, Ludwig	80,7	4	Pedro, Hadassah	81,7
5	Venter, Elaine	80,3	5	Van Eeden, Chris	81,4
6	Gericke, Ruan	79,1	6	Goosen, Marhelene	81,0
6	Hugo, Gabrielle	79,1	6	Potgieter, Jaddon	81,0
8	Rossouw, JP	79,0	8	Noudt, Keasha	80
9	Walters, Stef-Steyn	78,3	9	Hartzenberg, Ruaan	79,4
10	Stopforth, James	77,9	10	Bushby, Deonette	79,3

NA-SKOOL STUDENTESENTRUM VIR PAARL HOËRSKOLE

Die skole in die Paarl is genader deur ‘n privaatinstansie om navraag te doen aangaande die behoefte vir ‘n naskoolse sentrum, waar leerders in die middag moontlik kan wag vir vervoer- of buitemuurse aktiwiteite van die skool. Die inligting en “link” na die opnamevorm is beskikbaar op D6.

OUERAANDE
Ons kwartaallikse Oueraande vind vanjaar soos volg plaas, nl.:

- Gr 9 – Gr 12 op Donderdag, 7 April 2022 vanaf 18:00 – 21:00; en
- Gr 8 op Dinsdag, 12 April 2022 vanaf 18:00 – 20:30.

Briewe met meer inligting hieroor word saam met die rapporte uitgegee.

WISKUNDE OLIMPIADES
Vyf van ons leerders het deurgedring na die tweede rondte van die Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade. Baie geluk aan Kayla Coetzee, Armand Els, Ruan Gericke, Niel Brooks en Helena de Kock. Die tweede rondte van die SAMO word op Dinsdag, 12 Mei 2022 geskryf.

Die UCT Wiskunde Olimpiade sal op Maandag, 11 Mei 2022 geskryf word.

DISSIPLINE
Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan getuig dat ons skool se dissipline oor die algemeen, op ‘n goeie peil is. Die rede hiervoor is onder andere dat ons personeel deurlopend teen oortreders optree, terwyl ons ouers ons ook oor die algemeen goed ondersteun. Maak asb. seker dat u kind na die vakansie, wat betref sy/haar fisiese voorkoms, bv. Hare, kleredrag en skeer, terugkeer soos wat ons skool se gedragskode voorskryf.

KLEREDRAG
Leerlinge in hul skooldrag is ‘n skool se grootste advertensie en ons doen ‘n beroep op u as ouers om toe te sien dat u kind ten alle tye netjies en korrek geklee sal wees. Ons sal vir die eerste twee weke van volgende kwartaal beide somer- of wintersdrag toelaat. (Let wel, ‘n leerling dra óf Somers- óf Wintersdrag, nie ‘n mengsel van die twee nie.) Die langmou skooltrui mag slegs onder die skoolbaadjie gedra word en nie daarsonder nie. Veral die ouers van koshuisleerlinge moet toesien dat hul kinders se wintersdrag betyds gereed is. Die skoolbaadjie is verpligtend en die skoolreënbaadjieis opsioneel. Die skoolreënbaadjie mag slegs gedra word indien leerders ook ‘n skoolbaadjie aanhet. Beide baadjies is by De Jagers beskikbaar, daar is ook baadjies by die skool se tweedehandse klerebank beskikbaar.

SKOOLTASSE
Alle leerlinge moet die voorgeskrewe Labori-skooltas gebruik. U as ouer het duur betaal vir hierdie tasse en moet toesien dat die leerlinge dit gebruik. Dié tase beskerm die handboeke (‘n leerling se boeke kos $\pm$ R2 000 per leerling) en dit skep ‘n netjiese en uniforme beeld van die skool.

Die bont en volgekrapte sakke wat sommige van die leerlinge dra skep ‘n slordige prentjie van die skool. Nuwe tasse is by die finansiële kantoor teen R300 elk te koop. Dit is tog logies dat geen tas vir vyf jaar kan hou nie en daarom sal die tas wat die leerder in Gr. 8 ontvang het, indien nodig, self vervang moet word.

KOMMUNIKASIE VANAF DIE SKOOL
Ten einde kostes te bespaar word daar gebruik gemaak van die sms-boodskappe, D6 en ons Facebook blad om inligting aan ons ouers oor te dra.
Ons is tans besig om oor te gaan vanaf die D6 School Communicator na D6 Connect toe. School Communicator sal aan die einde van Maart heeltemal verdwyn. U sou ‘n uitnodiging via epos of sms ontvang het vanaf D6 om die nuwe toepassing af te laai. Indien u dit nog nie gedoen het nie, wil ons asb. versoek dat u dit so gou moontlik doen om sodoende te verhoed dat u uitmis op belangrike kommunikasie vanaf die skool. Indien u geen kommunikasie ontvang het vanaf D6 nie, kontak ons asb. dadelik by ontvangs@hslabori.co.za sodat ons u besonderhede kan oplaai op die stelsel.

MATRIEKAFSKEID
Die matriekafskeid vind vanjaar plaas op 27 September 2022 te Kronenburg. Die meeste Gr. 12 leerders het reeds aan die einde van 2021 begin om hul gelde vir die matriekafskeid te betaal. Sodra dit afgehandel is, stuur ons die uitnodigings uit, finaliseer ons die beplanning en kan jul begin uitsien na ‘n onvergeetlike aand wat vir julle voorlê!

POEDINGAAND
Met 'n afwesigheid van 2 jaar is ons kinderlik opgewonde om aan te kondig dat die POEDINGAAND weer sy terugkeer maak na ons skoolkalender in die 2de Kwartaal, nl. op 4 Mei 2022. Die fondse wat gegenereer word hierdeur, word deur die VRL teruggeploeg na ons leerders toe. Die fondse was die afgelope tyd aangewend vir onder andere: badkameropknappings, ‘n telbord op Bethel, finansiële ondersteuning vir sub-instansies, ons verjaarsdagprojek en ook donasies aan verskeie gemeenskapsorganisasies. Ons sal vroeg in die 2de kwartaal die brief uitgee wat al die inligting sal bevat. Groete Mnr. Dreyer/Juf. Redelinghuys

OOV
Die OOV van Hoërskool Labori het op 11 Maart 2022 ons jaarlikse 5 Lande Kosfees gehou. Ouers het met hart en siel ingeklim om hierdie funksie moontlik te maak. Die funksie was ‘n reuse sukses. Ons is dankbaar vir elkeen wat op sy/haar manier bygedra het. Daar is veral twee groepe wat ons wil bedank. Eerstens al die borge wat ons ongelooflik baie gehelp het met al die donasies. Dit sluit in al die ouers wat kontant en produkskenkings gestuur het, ons waardeer dit!
Baie dankie aan die volgende organisasies:
Paarl Groentemark. Kaap Agri Pakmark, Zandam Cheese, Boland Poultry, Brito’s, OK, Malan Melkery, Rhodes, Feedom,Mariaan se koffiehuis in Wellington en Johan Smit.
Die tweede groep is al die wonderlike ouers wat ons ondersteun het deur die kaartjies te koop. Sonder julle was daar nie n Kosfees nie. Ons het hierdie jaar 200 kaartjies verkoop, maar volgende jaar mik ons vir 300!
Een persoon wat ek wil uitsonder is vir Zelda by ons admin kantoor baie dankie vir jou hulp en ondersteuning. Met die afskop van die tweede kwartaal gaan ons met lekker sportdae wegspring, waar die OOV weer baie betrokke gaan wees. Met elke sportdag sal die snoepie oop wees en heerlike hamburgers, worsrolle en koeldranke vir lafenis sal beskikbaar wees. Ons soek asb nog braaiers vir hierdie sportdae, so moenie skaam wees om betrokke te raak nie! Ons is ‘n lekker klomp wat saamwerk. Nou lê die vakansie voor. Rus lekker, want volgende kwartaal is die wedloop soos ’n seweswedstryd – kort, kragtig en blitsvinnig! (Mev Theresa Smit, OOV Voorsitter)

ID DOKUMENTE
Hiermee wil ons graag ‘n vriendelike, dog dringende beroep doen op ons ouers om, sodra u kind 16 jaar oud word te gaan na Departement Binnelandse Sake om aansoek te doen vir sy/haar ID dokument. Dit is baie belangrik, aangesien dit ‘n vereiste is vir die aflê van Nasionale Senior Sertifikaat aan die einde van hul matriek. Probeer asb. om hierdie besoek tydens die skoolvakansies te doen, ten einde so min as moontlik onderrigtyd te mis.

SPORT

KRIEKET
Dit was baie lekker vir ons leerders, om na ‘n lang afwesigheid van sport, weer op die veld te kon meeding. Aanvanklik was dit baie duidelik dat daar baie roes was om ontslae van te raak, maar ons spelers het al hoe beter geword hoe verder die seisoen gevorder het. Ons is baie opgewonde oor veral die toekoms van ons 1ste span wat, hoewel hul baie jonk is in vergelyking met ander skole, weet ons dat dit ‘n span is wat in die toekoms mee gereken sal moet word.

SPORT OEFENTYE VIR TWEEDE KWARTAAL:

SPORT	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG
RUGBY:					
O/14 & O/15	15:00 – 16:00		15:15 – 16:15	15:15 – 16:15	
O/16A & O/19B	16:00 – 17:00	15:00 – 16:00		15:15 – 16:15	
O/19A	15:30 – 17:00	15:30 – 17:00		15:30 – 17:00	
HOKKIE:					
Dogters	15:30 – 16:45		15:30 – 16:45		
Seuns O/14	15:15 – 16:30		15:15 – 16:30		
Seuns O/16		16:00 – 17:00		16:00 – 17:00	
Seuns O/19A		15:30 – 17:00		15:30 – 17:00	
NETBAL:					
O/19A	15:30 – 17:00		15:30 – 17:00	15:30 – 17:00	
Alle ander spanne	15:30 – 16:30		15:30 – 16:30		

2DE SKOOLKWARTAAL: 5 April 2022 – 24 Junie 2022

Tuisnaweke: 14 – 18 April (Paasnaweek)
29 April – 2 Mei (langnaweek)
27 – 29 Mei
15 – 18 Junie (langnaweek)

Openbare- en skoolvakansiedae: 15 April – Goeie Vrydag
18 April – Gesinsdag
27 April – Vryheidsdag
1 Mei – Werkersdag
2 Mei – Openbare vakansiedag
16 Junie – Jeugdag
17Junie – Skool vakansiedag

Belangrike datums om te onthou vir tweede kwartaal: Gr 9 – Gr 12 Oueraand – 7 April 2022; Gr 8 Oueraand – 12 April 2022; Poedingaand – 4 Mei 2022; Mnr & Mej Labori – 12 Mei 2022

Groete

J Batt
SKOOLHOOF

SIKLUSROOSTERS – 2DE KWARTAAL 2022

DAG 1	DAG 2	DAG 3	DAG 4	DAG 5	DAG 6	DAG 7
5 APRIL	6 APRIL	7 APRIL	8 APRIL	11 APRIL	12 APRIL	13 APRIL
14 APRIL	19 APRIL	20 APRIL	21 APRIL	22 APRIL	25 APRIL	26 APRIL
28 APRIL	29 APRIL	3 MEI	4 MEI	5 MEI	6 MEI	9 MEI
10 MEI	11 MEI	12 MEI	13 MEI	16 MEI	17 MEI	18 MEI
19 MEI	20 MEI	23 MEI	24 MEI	25 MEI	26 MEI	27 MEI
30 MEI	31 MEI	1 JUNIE	2 JUNIE	3 JUNIE	6 JUNIE	7 JUNIE

Hoërskool **Labori** High School

Gimnasiumstraat / Gymnasium Street
Privaatsak / Private Bag X3013
PAARL
7620

Tel (021) 872 8293 / 872 2042
E-pos / E-mail ontvangs@hslabori.co.za
Web www.hslabori.co.za

25 Maart 2022

Geagte Gr. 8 Ouers/Voogde

GR. 8 OUERAAND: DINSDAG, 12 APRIL 2022

Graag nooi ons u uit na ons Gr. 8 Oueraand op Dinsdag, 12 April 2022. Kom maak van dié geleentheid gebruik om u kind se akademiese vordering met sy/haar onderwysers te kom bespreek. Ons wil veral 'n spesiale uitnodiging rig aan ouers van dié leerlinge, wat nie na wense presteer het gedurende die eerste kwartaal nie, om nie hierdie geleentheid te mis nie.

Die program vir die aand is soos volg:

DINSDAG, 12 APRIL 2022 – GR. 8 OUERAAND
18:00 – 18:15 Amptelike opening en verwelkoming.
18:15 – 20:30 Ouers spreek die vakonderwysers.

Vul asseblief die afskeurstrokie in en stuur dit terug op Maandag, 11 April 2022.

Vriendelike Groete

J Batt
SKOOLHOOF

✂----------✂----------✂----------✂-----

GR. 8 OUERAAND: DINSDAG, 12 APRIL 2022

Ek/ Ons, die ouers van ..... Gr. 8 .....(seksie)

Sal die aand wel **bywoon/nie bywoon nie**. (Onderstreep asb. toepaslike antwoord.)

Aantal mense: .....

Dagskolier		**Koshuisinwoner**		**Merk asb. regte blokkie met X**

Ouerhandtekening: .....

Hoërskool Labori High School

Gimnasiumstraat / Gymnasium Street
Privaatsak / Private Bag X3013
PAARL
7620

Tel (021) 872 8293 / 872 2042
E-pos / E-mail ontvangs@hslabori.co.za
Web www.hslabori.co.za

25 Maart 2022

Geagte Gr 9 – 12 Ouers/Voogde

GR. 9 – GR. 12 OUERAAND: DONDERDAG, 7 APRIL 2022

Ons kwartaallikse Oueraand vir die Gr. 9 – Gr. 12 ouers, vind plaas op Donderdag, 7 April 2022. Om almal 'n gelyke kans te gee om afsprake te maak met die onderwysers, moet daar vooraf elektronies afsprake gemaak word. Die formaat is soos volg:

- Die oueraand sal in die skoolsaal plaasvind.
- Ouers bespreek elektronies vooraf 'n 10 minute tydgleuf, by dié onderwyser(s) met wie u graag u kind se akademiese vordering wil bespreek.
- Dié elektroniese besprekings kan op ons webblad (www.hslabori.co.za) of op ons Facebook blad (http://www.facebook.com/labori) gemaak word. Die skakel sal ook op D6 beskikbaar wees. Besprekings kan gemaak word vanaf 30 Maart 2022 tot 6 April 2022. (Besprekings moet asb. via 'n rekenaar of skootrekenaar gedoen word en nie op 'n slimfoon nie.)
- Ons vra dat ouers hul besprekings in die tydgleuf tussen 18:00 en 21:00, soos hieronder aangedui, sal doen.

  Die program vir die aand is soos volg:

DONDERDAG, 7 APRIL 2022 – GR. 9 – Gr. 12 OUERAAND
18:00 - 21:00 Ouers maak afsprake om die vakonderwysers te spreek.

LET WEL: Slegs ouers wat 'n tydgleuf/tydgleuwe by onderwysers bespreek het, sal hul te woord kan staan.

Skakel gerus indien enigiets onduidelik is. Ons hoop om u almal daar te sien!

Vriendelik die uwe

J Batt
SKOOLHOOF